

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek



Vertroulik



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2024

GAUTENG

PUNTE: 40

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWES op die volgende bladsy en merk die vraagnommer oor die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Drama (40)

AFDELING A: Kortverhale (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

AFDELING A: DRAMA

Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

OF

AFDELING B: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 90 minute

OF

AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het. ...

AFDELING A: DRAMA

Beantwoord slegs die EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Perdekrag</i>	40	4

OF

AFDELING B: KORTVERHALE

Beantwoord AL TWEE kortverhale.

2. "My broer se kraai"	20	8
EN		
"Die ooreenkoms"	20	10

AFDELING A: DRAMA**VRAAG 1: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS A

WILMA:	En jy brom nie so nie, gehoor! Jy praat behoorlik dat ek en Binki jou kan verstaan. Maak of jy ordentlik is, magtag. Kom, hark hier skoon. <i>(Wilma beduie na iets net binne Kaizer se stal. Lucky kom die stal skoorvoetend binne, maar sodra hy sy rug op Kaizer draai, lui sy selfoon skel. Kaizer deins terug. Lucky spring uit die stal en gryp sy selfoon uit sy agtersak om te antwoord.)</i>	5
LUCKY:	Ek het gesê jy moet dit wegsit. Jy beter nou luister of – <i>(Uitdagend van die skrik.)</i> Of wat? Ek sal praat as ek wil praat. Jy en wie nog gaan my keer? <i>(Hy lig die foon na sy oor om te praat, maar Wilma stap dreigend nader.)</i>	10
WILMA:	Luister jy nou baie mooi vir my, Meneertjie. Die magistraat doen jou prokureur 'n guns, en ek doen weer vir haar 'n guns. Ek hoef jou glad nie hier by my stalle te laat werk nie.	

1.1 "Luister jy nou baie mooi vir my, Meneertjie." (Reël 11)

- | | | |
|-------|---|-----|
| 1.1.1 | Wie is hierdie Meneertjie? | (1) |
| 1.1.2 | By watter stalle is Meneertjie? | (1) |
| 1.1.3 | Waarom is Meneertjie hier? | (1) |
| 1.1.4 | Wat het Wilma gedoen nadat Meneertjie later weer op sy selfoon besig was? | (1) |

1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die letter (A–D) neer.

"... Wilma stap **dreigend** nader" in reël 10 sê vir ons dat Wilma ... was.

- | | | |
|---|-----------|-----|
| A | moeg | |
| B | kwaad | |
| C | haastig | |
| D | opgewonde | (1) |

1.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Dit was Lucky se werk om die stalle uit te hark en vars water in te sit. (1)

- 1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.4.1 en 1.4.2) en die antwoord neer.

Wilma was eers geduldig (*patient*) met Lucky, want sy wou hom (1.4.1) (help/straf). Omdat Lucky so (1.4.2) (stout/fluks) was, het Wilma later ongeduldig (*impatient*) met hom geraak.

(2)

- 1.5 Lucky sê sekere goed vir sekere redes.

Kies die rede uit KOLOM B wat by Lucky se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	"Beentjie. Soos armpie en voetjie en handjie."	A	Lucky is negatief teenoor ryk mense.
1.5.2	"Take it easy, Miesies Cheesy."	B	Lucky hou daarvan om Binki te terg (<i>tease</i>).
1.5.3	"Of mag net die ryk rotte die goed ry?"	C	Lucky kan nie glo Binki se ma het so min tyd vir haar nie.
1.5.4	"O ja. Jou ma is Busy Lizzie."	D	Lucky kan nie verstaan hoekom Binki nie met hom wou praat nie.
		E	Lucky is moeilik met Wilma.

(4 x 1)

(4)

- 1.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Binki het vir Lucky van Dukie vertel.
- Lucky het Tinkerbelle laat weghardloop.
- Lucky het sy nommer op Binki se foon gesit.
- Wilma het dadelik vir Lucky verduidelik watter werkies hy moes doen.

(4)

- 1.7 Waarom was dit reg van die magistraat om vir Lucky 'n tweede kans te gee?

(1)

- 1.8 Waarom was dit verkeerd van Lucky om nie sy selfoon weg te sit toe Wilma gesê het hy moet dit doen nie?

(1)

- 1.9 Waarom is dit goed dat Wilma so streng (*strict*) met Lucky is?

(1)

- 1.10 Hoe help die skrywer jou om te verstaan dat Lucky nie op die perdeplaas wou wees nie?

(1)

EN

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS B

LUCKY:	... Ek en my simpel groot bek. Ek skree my stupiditeit uit met 'n boom box sodat almal kan hoor ek is net 'n perdedrol. (<i>Binki wil hom simpatiek aanraak, maar hy deins weg van haar.</i>)	
BINKI:	Stoppit! Ek word nie aan gevat nie. Nie deur jou soort nie. Skies. Ek wou maar net – (<i>Sy draai verleë weg en maak of sy iets in die stoorkamer soek.</i>)	5
LUCKY:	Skies, Binki.	
BINKI:	Ek moes nie – ek weet nie wat nie.	
LUCKY:	Ek laaik myself nie altyd nie.	
BINKI:	(<i>Paaierend.</i>) Dis oukei.	10
LUCKY:	Nee, dit is nie! Ek het die hele week aan jou gedink. Jy sal nie aan my vat as jy weet hoekom ek hier is nie.	
BINKI:	Waarom sal ek nie?	
LUCKY:	Want jy hardloop vlamme in om 'n bleddie brak te red. Ek en jy leef in verskillende wêreldes ... Jou huis het afgebrand, ... , maar my hele lewe brand elke dag so bietjies-bietjies af.	15

1.11 Noem TWEE redes waarom Binki by Wilma op die plaas gebly het. (2)

1.12 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) en die antwoord neer.

1.12.1 Wilma het vir Lucky vertel wat met haar perd, ... (die perd se naam), gebeur het. (1)

1.12.2 Wilma het die aand van die ongeluk baie gedrink. Lucky het haar daarom 'n ... genoem. (1)

1.12.3 Lucky het ... maande by Wilma gewerk. (1)

1.12.4 Binki het haar matriek deur ... gedoen. (1)

1.13 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.13) en die antwoord neer.

'n vergelyking;	personifikasie;	'n metafoor
-----------------	-----------------	-------------

"Ek skree my stupiditeit uit met 'n boom box sodat almal kan hoor **ek is net 'n perdedrol.**" (Reël 1 en 2) Dit is 'n voorbeeld van ... (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.

"... maar my hele lewe **brand elke dag so bietjies-bietjies af.**" (Reël 15 en 16) Dit beteken dat ...

- A 'n deel van Lucky-hulle se huis ook afgebrand het.
- B Lucky en die mense in sy lewe baie probleme het.
- C die mense in Lucky se omgewing elke dag vuur maak.
- D daar elke dag huise in Lucky se omgewing afgebrand het. (1)

- 1.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.15.1 en 1.15.2) en die antwoord neer.

In reël 1 tot 4 is Lucky se toon teenoor Binki (1.15.1) (onvriendelik/vriendelik).
In reël 7 tot 11 verander sy toon, want hy het (1.15.2) (besef dit was onregverdig om so met Binki te praat/gedink dit was eintlik Wilma se skuld).

(2)

- 1.16 Waarom het Binki bloese met lang moue gedra?

(1)

- 1.17 Lucky het Binki se bloes opsetlik (*on purpose*) geskeur.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is.

(1)

- 1.18 Die lewe op die plaas was teen die einde goed vir Binki en Lucky.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.18.1	Lucky het vir Kaizer gesê hy was jammer oor wat hy gedoen het.	A	Binki aanvaar (<i>accept</i>) die situasie met haar ma.
1.18.2	Binki het weer vir Lucky die foto's van Dukie op haar foon gewys.	B	Binki is nie meer so bang vir die perde nie.
1.18.3	Binki het die langnaweek op die plaas gebly.	C	Lady Jane en Kaizer doen wat Lucky vir hulle vra.
1.18.4	Lucky het geleer om mooi met die perde te praat.	D	Kaizer aanvaar Lucky se verskoning.
		E	Lucky verander sy kontaknaam na "Extra Lucky".

(4 x 1)

(4)

- 1.19 Waarom was dit goed vir Lucky dat Binki haar storie vir hom vertel het?

(1)

- 1.20 Waarom was dit goed vir Wilma dat sy vir Lucky die kans gegee het om op die plaas te werk?

(1)

- 1.21 Waarom is dit vir jou lekker om te weet dat Binki se lewe aan die einde van die drama verander het?

(1)

- 1.22 Waarom kan 'n mens sê dat die slot goed by die drama pas?

(1)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: KORTVERHALE**VRAAG 2: KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard
EN

VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee

VERHAAL A: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS C

My broer het begin stiller word. Ons het dit almal gemerk. Hy was 'n vrolike vent, my broer, maar sy vrolikheid het begin afslyt. Hy het sy bes probeer om dit vir ons weg te steek, maar niemand om die bos gelei nie. Eenkeer het ek deur 'n venster staan en kyk hoe hy die kraai uit die hok probeer haal. Dit het 'n vreeslike gestoei afgegee. Ek het gedink hy gaan die kraai los. Maar hy het die kraai uit die hok gehaal en salf of iets aan die stukkende plekke probeer smeer. Hy het die swart voël teen sy wang probeer druk, maar kon dit nie regkry nie. Die kraai het so gespook en gekrap dat hy hom weer in die hok moes terugsit. Die kraai was waarskynlik nóg stukkender ná die operasie en oral om die hok het swart veertjies neergesif grond toe. 5

2.1 "My broer het begin stiller word." (Reël 1)

2.1.1 Wie praat hier? (1)

2.1.2 Waar het die broer die kraai opgetel? (1)

2.1.3 Waarom kon die kraai nie vlieg nie? (1)

2.1.4 Waar het die broer die kraai gehou nadat hy die kraai opgetel het? (1)

2.2 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Na twee weke was die kraai gesond en gelukkig. (1)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.3) en die letter (A–D) neer.

As die verteller in reël 2 sê sy broer se "**vrolikheid** het begin **afslit**", bedoel hy dat die broer ...

A nie meer bly was nie.

B vir die kraai kwaad was.

C vir die kraai omgegee het.

D nie meer vir die kraai wou sorg nie. (1)

- 2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.4.1 en 2.4.2) en die antwoord neer.

Aan die begin van die verhaal het die gesin gedink dit was 'n (2.4.1) (goeie/slegte) idee van die broer om die kraai te hou. Later het hulle besef dat die kraai eintlik 'n (2.4.2) (probleem/plesier) geword het.

(2)

- 2.5 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.5.1 tot 2.5.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.5.1	"Ek dink ek moet my kraai maar los."	A	Die verteller wou hê dat die broer self die regte keuse moes maak.
2.5.2	"Dis jou kraai en jy moet besluit."	B	Die verteller het gedink 'n papegaai sou die broer gelukkig maak.
2.5.3	"Ek wil hê dit moet my kraai wees."	C	Die broer was baie lief vir die kraai.
2.5.4	"Dis beter oop."	D	Die broer het aanvaar dat die kraai vry moet wees.
		E	Die broer was moedeloos omdat die kraai homself so seergemaak het.

(4 x 1)

(4)

- 2.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Almal het gedink die storie van die kraai was verby.
- Een oggend het die broer die kraai weer hoor lag.
- Die broer het vir die kraai vleis en brood gegee.
- Die broer het die kraai losgelaat.

(4)

- 2.7 Waarom was dit reg van die verteller om mooi te dink voordat hy met sy broer gepraat het?

(1)

- 2.8 Waarom was dit verkeerd van die broer om so lank te wag voordat hy die kraai losgelaat het?

(1)

- 2.9 Watter les oor wilde diere het jy in hierdie verhaal geleer?

(1)

- 2.10 Waarom kan 'n mens sê dat die slot goed by die verhaal pas?

(1)

EN

VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D

Hulle was soos twee broers wat mekaar eers teen die aand se kant leer ken het: Jakob en Willem.

Hulle was van die eerste intrekkeers by die nuwe Rusoord; albei vlak in die sewentig, gesond van liggaam en verstand, en vasberade om van die laaste skof nog iets te maak. Die kamer wat hulle moes deel, was aan die sonsy van die gebou, ruim, en met huisgoed uit albei se verlede gemeubileer soos toegelaat deur die reëls van die Bestuur. 5

Nie dat hulle nie gou geleer het om sommige van die reëls van die Bestuur met 'n bietjie insig te vertolk nie, byvoorbeeld die reël dat alkohol alleen vir medisinale doeleindes in kamers gehou mag word. Goed en reg. Daarom het Jakob en Willem elke aand, stiptelik om halfses, die kamerdeur gesluit en hul medisyne gedrink. Een Vrydag het Jakob die bottel whisky gekoop en die volgende Vrydag Willem. 10

- 2.11 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.11) en die antwoord neer.

'n metafoor;	'n vergelyking;	personifikasie
--------------	-----------------	----------------

"Hulle was **soos** twee broers ..." in reël 1 is 'n voorbeeld van ... (1)

- 2.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.12) en die letter (A–D) neer.

Die verteller sê Jakob en Willem het mekaar eers "**teen die aand se kant** leer ken" (reël 1). Dit beteken dat Jakob en Willem ...

- A nie baie van mekaar gehou het nie.
- B mekaar leer ken het toe hulle al oud was.
- C daarvan gehou het om in die aand te kuier.
- D mekaar ken vandat hulle saam op skool was. (1)

- 2.13 Watter reëling (*arrangement*) het Jakob en Willem oor 'n motor gemaak? Noem TWEE dinge. (2)

- 2.14 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) en die antwoord neer.

2.14.1 Jakob was 'n ... (beroep) toe hy jonger was. (1)

2.14.2 Willem het 40 jaar by 'n ... gewerk. (1)

2.14.3 Willem het gedink dat ou ... (haar naam) baie van Jakob hou. (1)

2.14.4 Jakob en Willem het na ... jaar van saambly 'n ooreenkoms gesluit. (1)

2.15 Hierdie verhaal handel oor Jakob en Willem se ooreenkoms.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.15.1 tot 2.15.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.15.1	Jakob en Willem het oor lewe ná die dood gewonder.	A	Jakob het vir Willem gevra om van die ooreenkoms te vergeet.
2.15.2	Jakob was bang vir spoke.	B	Jakob het begin dink daar is nie lewe ná die dood nie.
2.15.3	Willem het nie dadelik die teken kom gee nie.	C	Die whiskybottel se prop het presies om halfses losgedraai.
2.15.4	Uiteindelik hét Willem die teken kom gee.	D	Jakob het 'n nuwe kamermaat gekry.
		E	Die een wat eerste sterf, moes vir die ander een 'n teken kom gee.

(4 x 1)

(4)

2.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.16.1 en 2.16.2) en die antwoord neer.

Nadat matrone vir Jakob vertel het dat Willem dood is, is die toon van die verhaal (2.16.1) (komies/hartseer), want Jakob (2.16.2) (het sy vriend gemis/wou nie alleen in sy kamer wees nie).

(2)

2.17 Waarom wou Jakob nie vir die ander inwoners vertel hy is bang vir spoke nie?

(1)

2.18 Jakob het die whisky in 'n kas toegesluit en die sleutel in sy laai gebêre.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is.

(1)

2.19 Waarom kan 'n mens verstaan dat Jakob nie met die vrouens in die ouetehuis wou praat nie?

(1)

2.20 Waarom was dit goed dat Willem uiteindelik vir Jakob die teken gegee het?

(1)

2.21 Ná Willem se dood het die ander inwoners vir Jakob kos aangedra en hom probeer troos (*comfort*). Waarom kan jy vir hulle respek hê?

(1)

2.22 Hoe help die skrywer jou om te verstaan dat Jakob en Willem baie goeie vriende was?

(1)

TOTAAL AFDELING B: 40
GROOTTOTAAL: 40